

DIE LIEFDE - WEEK 7

# FAMILIE-TYD



## WAT LEER EK MY KIND vandag?

Ander mense moet weet dat ek 'n kind van God is deur die manier hoe ek liefde wys.

JOHANNES 13:35 NLV
As julle mekaar liefhet, sal almal daaraan sien dat julle my dissipels is."

## SAAM DOEN:

Kyk na die prente hier langsaan en beantwoord die vrae:

-Hoe weet ons wat elke winkel verkoop?
-Wat sien jy in elke winkel venster?









## SAAM PRAAT - DEEL 1

Het jy geweet dat jy ook soos 'n winkel venster vir Jesus is? Wanneer mense na jou kyk moet hulle kan sien dat die Heilige Gees in jou woon en dat jy 'n kind van God is. Ons wys dat ons kinders van God is wanneer ons liefde aan ander wys.

## SAAM PRAAT - DEEL 2

Besluit saam as gesin hoe julle hierdie week liefde aan iemand gaan bewys. Hier is 'n paar voorbeelde maar laat die Here toe om julle as gesin op 'n unieke wyse te lei:

- Maak 'n paar kospakkies en deel dit uit aan behoeftiges. Sit 'n spesiale woord van liefde en bemoediging in elke kospakkie.
- Spandeer tyd by 'n kinderhuis of ouetehuis en gee jou onverdeelde tyd aan iemand as teken van jou liefde.
- Gebruik jou talente om iemand by te staan. Dalk is jy baie goed met wiskunde, help dus iemand met ekstra wiskunde klasse.
- Gee die petrol joggie of die kelner 'n 'tip' ver bo hulle verwagting.
- Doen iets spesiaal vir iemand sonder om enige iets terug te verwag. 'n Onverwagse daad van goedheid verbaas mense en wys vir hulle dat Jesus in jou hart leef.